NNNN

ZCZC 579 01621
AAH016 FAME 031150
MP 878

M45/536 PAGE ONE OF TWO PAGES.
03/04/89
ATTENTION : MAUREEN VAN DER MERWE, D.O.A.

MARION NUUSBRIEF VIR MAART 1989
==========

DIE VOORLAASTE NUUSBRIEF VAN DIE 45STE AFLOSSPAN.

MARIONEILAND SE DIERELEWE MAAK GEREED OM IN STILTE TE VERDWYN. MET DIE MEESTE KUEINTJIES G_SOOG EN GEVEER BEGIN BEIDE OUERS EN JONGELINGE KOERS KIES DIE WYE OSEAAN IN. DIE GREY HEADED EN SOOTY ALBATROSKUIKENS IS HARD BESIG OM HULL NOG STEEDS DONSIGE VLERKE TE OEFEN. DIE KLEIN STORMVOELTJIES WAT VIR DIE NAGGELUIDE GESORG HET IS ALREEDS BAIE STILLER. SNAGS IS DIT NOG NET DIE KATTE EN N PAAR JAGTERS WAT BUITE ROND DWAAL. DIE KATTOTAAL STAAN OP N BAIE BILLIKKE 122. SO IN DIE STILLIGHEID TERWYL ALLES EN ALMAL BEGIN AFSKEID NEEM, HET DIE REUSE ALBATROSKUIKENS BEGIN UIT BROEI, ELKEEN MET N DIGTE DONSKLEED GEREED OM DIE KOUE WINTER IN EENSAAMHEID DEUR TE BRING.

N GROOT VERASSING WAS DIE VIER BOTTLE NOSED WHALES WAT BY SHIP S COVE GESTRAND HET. NADAT DIE NELLIES EN SKUAS HULLE DEEL VAN DIE FONDS GENEEM HET WAS IDENTIFIKASIE BAIE MOEILIK. VOLGENS IAN WILKINSON HET DIE GROEP MOONTLIK BESTAAN UIT N MA EN HAAR KALFIE EN NOG TWEE KOEIE.

MARTIN, FRANCOIS, DANIE EN DAVE HET HIERDIE MAAND HULL VERJAARSDAE GEVIER MET FRANCOIS SE MONDIGWORDING SEKERLIK DIE HOOGTEPUNT, WAARTYDENS JACHA, TOT ALMAL SE VERMAAK, GESORG HET DAT GENOEG VERVERSINGS BEDIEN WORD.

VELE LEDIGE UURTJIES WORD MET BEHULP VAN BORD-EN KAARTSPELLETJIES VERWYL. DIE BRUGSPAN, DEON, IAN WILKINSON, TOM, JACHA EN FRANCOIS ,IS ELKEEN MET N METERLANG, VEL REKENAAR PAPIER VOL REELS UIT GEDEEL WAT HULLE IN HULL VRYE TYD, WANNEER HULLE NIE BRUG SPEEL NIE ,MOET BESTUDEER.

SPARKS EN COLIN HET HULL LANGVERWAGTE BESIGTIGINGSTOER RONDOM DIE EILAND TOT UITVOER GEBRING. NA N IETWAT WANKELURIGE WEGSPRING KON HULLE HULSELF NOG STEEDS ROEM DAT HULLE SUKSESVOL KAN NAVIGEER MET N KAART WAT AL VELE MENSE LAAT VERDWAAL HET. HULLE HET OOK N VREEMDE SKIP AAN DIE WESTE KANT VAN DIE EILAND GEWAAR, HIERDIE WAARNEMING IS DEUR CLIVE BEAAM, WAT DIE FEIT BEKLEMTOON HET DAT DIE SKIP DEFINITIEF IN ONS KUSWATERS WAS AANGESIEN DIT BAIE NABY AAN DIE KANT WAS.

EINDE BOODSKAP.

NNNN

ZCZC 580 01621
AAH016 FAME 031155
MP 879

M45/536 PAGE TWO OF TWO PAGES

GEEN RADIOVERBINDING KON MET DIE SKIP BEWERKSTELLIG WORD NIE. MET SY TERUGKOMS HET HET SPARKS, N TROTSE 4KG LIGTER, DADELIK BEGIN BROOD BAK, SOMMER GENOEG SODAT DIT KAN HOU TOTDAT DIE AGULHAS KOM. HY HET SELFS SOVER GEGAAN OM BILTONG OOK TE MAAK. VAN DIE BILTONG, N BEETJIE MEER SOUT AS VLEIS, HET EUKE SPANJOID N REGVERDIGE 126 GRAM ONTVANG. SO TUSSEN DIE GEBAK EN GEBROU DEUR HET SPARKS TE MIDDE VAN DIE MUISPLAAG WAT IN CLIVE SE KAMER ONTSTAAN HET, N MUISVAL GEPRAKSEER WAT VIR N LANG TYD AANMEKAAR BAIE MUISE KAN VANG. MARC, STEVE HENLEY, JACHA EN DIE LEM HET NA COLIN SE PIKKEWYNE OMGESIEN IN SY AFWESIGHEID. DIT VERLEEN N BAIE HO E WERKSLADING AAN LEM ,WANT HY HET DIE MAAND DIE KOSSTOOR OOK REG GEPAK.

DIE LAASTE WEEK WAS N HELE GEWOEL EN GEWERSKAF TER VOORBEREIDING VIR DIE AANKOMS VAN DIE AGULHAS. DIE MEESTE VAN ONS MOES UIT ONS KAMERS OM PLEK TE MAAK VIR DIE OORNAMESPAN. ALLE MOONTLIKE LABORATORIUMS EN BUITEGEBOUE IS GEANNEKSEER. DIE BESETTING VAN SLAAPPLEKKE HET GEREED TOT STRESVOLLE SITUASIES GELEI, VERAL TOE JACHA EN MARTIN BESLUIT, HET OM N PLAKKERSKAMP IN DIE INFORMASIESENTRUM OP TE RIG.

ONS KLEIN KONINKRYK SAL BINNE N DAG OF TWEE OMVER GEWERP WORD. ALHOEWEL OPGEWONDE IS DIT MET N GROOT MATE VAN WE EMOED WAARMEE N MENS AFSKEID NEEM VAN DIT WAT DIE AFGELOPE PAAR MAANDE DEEL VAN JOU LEWE WAS.

DIE WEERDATA DEUR DANIE VOORSIEN IS
GEM TEMP-8,6
GEM VOG-89
SONSKYN URE PER DAG-3,02
DAE MET MEER AS 1 MM REEN-22
WINDSPOED-VERSKRIKLIK STERK

NUUSBRIEF DEUR HENNIE VAN WYK
WEERDATA VERSKAF DEUR DANIE FERREIRA

414